Om te straf of nie

Die konsep van straf, as dit by perde kom, verdien heelwat tyd en studie. Kenners is dit eens dat perde leer wanneer hulle onmiddellike terugvoer kry. Om 'n perd dus vyf of tien minute na 'n gewenste of ongewenste aksie te beloon of straf, maak hoegenaamd nie sin nie.

Twee voorvalle die afgelope paar maande dwing my om hierdie saak in hierdie uitgawe van *SA Horseman* aan te raak. Die eerste het by die Nasionale Trekperdfees verlede jaar by die Paarl plaasgevind, en die ander meer onlangs op Ermelo.

In die eerste geval het die eienaar van 'n perd wat aanhoudend sy stalmuur bly skop het, met 'n sweep die stal ingegaan en die perd letterlik 'n drag slae gegee. Op daardie oomblik was die perd nie besig om te skop nie, maar het stilgestaan. In die ander voorval het 'n bystander verwys na 'n perd wat nie wou stilstaan of homself laat vang nie, en opgemerk dat daardie perd 'n drag slae nodig het.

Die blote gedagte dat 'n perd stout is en dus 'n pak slae nodig het, is vir my problematies. Perde beskik oor geen konsep van reg of verkeerd nie. Hulle leer aan dat sekere gedrag sekere reaksies ontlok en sal hulle gedrag onder sekere omstandighede daarby aanpas – maar dit word nie gedryf deur 'n "gewete" nie.

Perde leer deur kondisionering. Met ander woorde, hulle bring 'n sekere aksie met 'n reaksie in verband. As hierdie aksie-reaksie genoeg kere suksesvol herhaal word, dan word dit aangeleerde gedrag. As hierdie gedrag positief is, dan sê ons die perd is goed geleerd, maar as die gedrag negatief is, dan het die perd 'n streek. Die feit is egter dat die perd hierdie gedrag aanleer op grond van die terugvoering wat hy van sy afrigter kry. 'n Perd met swak gedrag is dus 'n produk van die afrigtingsmetodes wat gebruik word.

Maar my eintlike probleem lê by die benadering van "die perd het 'n drag slae nodig". Reaksie op spesifieke gedrag moet onmiddellik volg, sodat die perd die verband tussen die aksie en die reaksie kan peil. Soos die outeur van die boek *How Horses Learn – which training methods work and why*, dr Debbie Marsden, verduidelik: "... the timing of a consequence in relation to any behaviour is critical if the horse is to make the required link between his actions and the consequences of these. The consequence must be perceived by the horse within approximately half a second of his behaviour for learning to take place. Furthermore, it is vital that the horse perceives the consequence as a direct result of his own behaviour."

Daar is geen sin in om 'n perd later te straf vir ongewenste gedrag nie. As jou reaksie nie direk volg op die perd se ongewenste gedrag nie, sal hy die twee nie in verband bring nie, maar eerder leer om van jou te probeer wegvlug. Persoonlik wil ek nie 'n perd hê wat vir my bang is nie. Respek, ja, maar bang? Beslis nie! **SAH**



Editor